

AFRIKA-DAG - NIE VEEL OM OOR OPGEWONDE TE RAAK NIE

Rebecca Sibanda: Regsassistente, Sentrum vir Grondwetlike Regte

25 Mei is die jaarlikse herdenking van die stigting van die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE). Die OAE is ingestel om “eenheid en solidariteit onder Afrika-state te bevorder” en om “die oorblyfsels van kolonisasie en apartheid op die vasteland uit te roei”. Dit was aan die begin van die bevryding vir baie Afrika-lande van kolonialisme, en die samewerking was een van die beste voorbeelde van pan-Afrikanisme en die voorneme om bande tussen Afrika-lande te smee. In 2001 is die OAE hernoem na die Afrika-unie (AU). Vanjaar vier dit sy 54ste bestaansjaar - meer as vyf dekades, en tog blyk dit of daar nie veel is om te vier nie.

Tussen onrus in die Sentraal Afrikaanse Republiek, Boko Haram in Nigerië en 'n toename in geweld teen vroue en kinders in Suid-Afrika, blyk dit nie gepas om dit hierdie jaar te vier nie. Van al hierdie gruweldade is die verhouding van die Internasionale Strafhof (ISH) met Afrika-lande oor die afgelope paar maande een van die vasteland se grootste uitdagings. Die ISH is gestig as 'n internasionale tribunaal met die jurisdiksie om individue vir volksmoord, misdade teen die mensdom en oorlogsmisdade te vervolg. Die ISH was veronderstel om 'n bykomende instelling vir plaaslike howe van ondertekenende lande te wees. Dit is waarom die onlangse besware deur Afrika-lande dat die ISH bevooroordeel is teen Afrika wat sy vervolgings betref - met al 24 van sy beskuldigdes wat Afrikane is - met gemengde reaksies begroet is.

Die keerpunt vir hierdie debat was die al-Bashir-voerval in 2015. Kortliks is 'n lasbrief in 2009 uitgereik vir die inhegtenisname van Soedanese President Omar al-Bashir, in verband met oorlogsmisdade, misdade teen die mensdom en volksmoord in sy land. Hy het Suid-Afrika op uitnodiging van die President besoek. Suid-Afrika was, as ondertekenaar van die Roomse Statuut van die ISH, verplig om al-Bashir in hegtenis te neem en sy verskyning voor die ISH te verseker. Dit het nie gebeur nie, al-Bashir is uit die land weggevoer, en die howe het die gebeure ongrondwetlik en 'n breuk van beide die internasionale en plaaslike reg verklaar. Die aangeleentheid het gelei tot Suid-Afrika se aankondiging dat hy van die ISH gaan onttrek - saam met Burundi en Gambië. Dit het die werklike moontlikheid tot gevolg gehad dat Afrika-lande op 'n streep van die ISH sou onttrek, wat die vasteland met geen roete sou laat om oortreders van hierdie misdade te vervolg nie.

Afrika-lande is verdeeld oor die noodsaaklikheid van die ISH en vrae is geopper oor die pogings om die jurisdiksie van die Afrika-hof oor Menseregte tot oorlogsmisdade en volksmoord uit te brei. Vrae oor neo-kolonialisme in die vorm van die ISH is ook geopper. Alhoewel Suid-Afrika se onttrekking deur die howe gekeer is, en Burundi se nuwe regering aangedui het dat hulle nie met hul onttrekking sou voortgaan nie, het die stof nog nie oor die kwessie gaan lê nie. Nasies soos Botswana is standvastig wat hul steun aan die ISH betref, en Zambiërs het Woensdag met 'n groot meerderheid van 93% teen 'n poging van hul regering gestem om van die ISH te onttrek.

Dit wys dat alhoewel steun vir die ISH wel bestaan, 'n bal aan die rol gesit is wat kan toesien dat gruweldade teen die mensdom nie vervolgt sal word nie.

Wanneer die gewelddadige geskiedenis van die bevryding van Afrika-lande in ag geneem word - saam met ernsige menseregteskendings wat hulle ervaar het - behoort dit vanselfsprekend te gewees het dat ons alles sou doen om te verhoed dat dit ongestraf gelaat word. Menseregte is nou vervat in grondwette regoor die vasteland, en tog word die oortreders van hierdie dade deur hul eie beskerm. Dit is miskien nodig om weer hieroor te besin. Soos wat ons as 'n nasie bymekaar kom om vandag te vier, moet ons diegene onthou wat weens die dade van mense soos al-Bashir, wat geen agting vir menseregte het nie, nie in staat is om dit te vier nie.